SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 14 NOVEMBER 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

HERINNERINGSDAG DIENS VANDAG OM 10:00

OKOSA BEVESTIG GEEN OPBETAALDE NALATENSKAP LISENSIE SAL GEKANSELLEER WORD NIE.

en

SARL/AMSATSA TEGNOLOGIE WERKSWINKEL OP SATERDAG 4 DESEMBER

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin die bulletin met nuus van 'n stil sleutel.

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Lionel Rowley, ZS1LSR (ex ZS6ALA) op Dinsdag 9 November 2021 stil geword het. Ons betuig ons innige meegevoel met sy familie en vriende.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

HERINNERINGSDAG DIENS VANDAG OM 10:00

Die jaarlikse Herinneringsdag-diens sal by Amateur Radio Today ingesluit word vanaf 10:00 SAT vanoggend. Die diens word gelei deur Ds Jan Kramer, ZS6JRK. Die diens herdenk almal wat hul lewens verloor het ter ondersteuning van hul land. Radio amateurs word versoek om radio stilte vanoggend tussen 10:00 en 10:15 SAT waar te neem as 'n teken van respek.

DIE SARL WOENSDAG 80 M KLUB NAELLOOP

Die sesde been van die SARL Woensdag 80 m Klub Naelloop vind plaas vanaf 17:30 tot 18:30 UTC op Woensdag 17 November 2021 met GG en foon aktiwiteit. Die uitruiling is 'n realistiese RS- of RST-verslag, jou 4-karakter ruitvierkant en die naam of afkorting van jou Klub. Die Klub-roepsein mag gebruik word,

maar die operateur mag nie onder sy/haar eie roepsein deelneem nie. Dien jou logstaat in teen 23:59 SAT op Maandag 22 November 2021 per e-pos na 7p8dg@netactive.co.za.

OKOSA BEVESTIG GEEN OPBETAALDE NALATENSKAP LISENSIE SAL GEKANSELLEER WORD NIE.

Tydens 'n OKOSA/SARL-skakelvergadering wat hierdie week virtueel gehou is, het OKOSA bevestig dat enige opbetaalde nalatenskap-lisensie wat nie na die nuwe lisensie-stelsel omgeskakel is nie, nie gekanselleer sal word nie. Die SARL het sy ontevredenheid met OKOSA uitgespreek dat die onderneming om gedetailleerde riglyne beskikbaar te stel oor hoe om 'n nalatenskap-lisensie na die nuwe stelsel-lisensie om te skakel, nie verskaf is soos onderneem nie. OKOSA het om verskoning gevra en gesê dat riglyne binnekort beskikbaar moet wees. OKOSA het ook bevestig dat een van die knelpunte in die goedkeuring-stelsel verwyder is deur meer OKOSA-personeel te magtig om aansoeke goed te keur.

Radio amateurs word aangemoedig om hul nalatenskap-lisensie om te skakel sodra die riglyne gepubliseer is. Om te verduidelik 'n nalatenskap lisensie is 'n lisensie uitgereik op die ou stelsel. Die verandering is 'n administratiewe prosedure en raak nie roepseine nie.

Die SARL en OKOSA sal weer op 6 Desember 2021 vergader om die riglyne en ander uitstaande kwessies op te volg. Die SARL het ook die vraag oor die deel van die amateur-lisensie databasis aangespreek. Om te voldoen aan PoPI Wet, het OKOSA die deel van hul databasis opgeskort. Daar is ooreengekom dat OKOSA hul regs-afdeling oor die kwessie sal raadpleeg.

DIE SUIDER-AFRIKAANSE MORSE OPERATEURS KLUB

Die SARL Raad het die affiliasie van die Suider-Afrikaanse Morse Operateurs Klub (SAMOC) goedgekeur. Die Voorsitter is Kobie van Zyl, ZS6KVZ, die ondervoorsitter is Pierre Duminy, ZS6FPS en die sekretaris is Cliff Smythe, ZS6BOX. Die Klub is in die proses om aansoek te doen vir 'n roepsein. Kontak Kobie by vzylkobie@gmail.com vir meer inligting oor SAMOC.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE OORSIG VAN DIE IARU HF-BAND PLAN

In SARL Nuus verlede Sondag is inligting oor die IARU HF Band Plan Oorsig gegee. Wanneer die HF-bandplan geïmplementeer word - ons het nog nie 'n datum nie - sal die foon-afdeling op 40 meter van 7 080 tot 7 200 kHz strek. Dit sal beteken dat 'n aantal amateur radio klubs hul Sondag bulletin frekwensies na die nuwe foon-afdeling sal moet skuif.

SARL/AMSATSA TEGNOLOGIE WERKSWINKEL OP SATERDAG 4 DESEMBER

Die SARL/AMSATSA Tegnologie Werkswinkel sal op die BlueJeans-platform gehou word vanaf 11:00 – 14:30 SAT op Saterdag 4 Desember 2021. Die program

sal die Desember 2021 Antarktiese Verduistering fees projek, AMSAT SA lesse geleer van BACAR en die SARL Volgende Generasie Baken program insluit, om sommige te noem.

Registrasiebesonderhede sal vanaf Maandag op die SARL- en AMSATSA-webblaaie beskikbaar wees. Deelname vir SARL- en AMSATSA-lede sal gratis wees. Nie-lede sal R50 betaal by registrasie. Besoek www.amsatsa.org.za en klik die betaalknoppie om 'n kredietkaartbetaling te doen (slegs Visa en Mastercard.)

VAKATURES

Daar is 'n vakature op die SARL Forum Bestuurspan. Indien jy belangstel, kontak asseblief vir Brad, ZS5Z by e-pos forumadmin@sarl.org.za vir meer inligting.

Die SARL-100-werkgroep het 'n behoefte aan meer lede om betrokke te raak by die historiese navorsing van die Liga voor die SARL-eeufees in 2025. Kontak Anette Jacobs, ZR6D by e-pos jhjacobsza@gmail.com as jy wil help.

KOMPETISIE NUUS

Die Suid-Afrikaanse Mega GG QRS week, wat strek vanaf 04:00 UTC (06:00 SAT) op Sondag 14 November tot 16:00 UTC (18:00 SAT) op Saterdag 20 November, is uitsluitlik gerig op die nuwe ouens wat in die geledere opkom en sal gemaklik wees met 'n minimum vereiste van 8 wpm en nie meer as 12 wpm nie. Die idee is om soveel kontakte te maak as wat jy kan binne 'n 7 dae kalenderperiode. Al die inligting is in SARL Nuus vir 31 Oktober 2021 gepubliseer.

Waar is al die nuwe radioamateurs? Veral diegene wat die Oktober RAE geskryf het. Die SARL Newbie QSO Partytjie sal van 08:00 tot 20:00 UTC (10:00 tot 22:00 SAT) op Saterdag 20 November 2021 plaasvind met foon aktiwiteit op 20, 40 en 80 meter. Die uitruiling en die puntetelling hang af van die tyd wat jy 'n amateur is. Dien jou MS Excel-logstaat in teen 23:59 SAT op Donderdag 25 November 2021 per e-pos na zs3vdk@webmail.co.za. Kry al die inligting op bladsy 97 van die 2021 Blou Boek.

Die Konsep 2022 SARL Kompetisiehandleiding en die 2022 Dagboek van Gebeure is beskikbaar vanaf die skakel op die voorblad van die Liga-webwerf sowel as op https://thesarlbluebook.wordpress.com/. Klubs word uitgenooi om insette te lewer vir die 2022 Dagboek van Gebeure. Kyk asseblief na die dokument en maak enige kommentaar aan contest@sarl.org.za teen Vrydag 26 November 2021.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar 'n aantal sonvlekgroepe sigbaar en daar is 'n moontlikheid van geringe C-klas sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 18 vir die week gebruik.

Radio amateurs kan veral laatmiddag goeie DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Laastens 'n dagboek van 'n paar komende gebeure

14 tot 20 November – die Suid-Afrikaanse GG Mega QRS-week

17 November – die SARL Woensdag 80 m Klub naelloop

17 en 18 November – die Leonide-meteoorreën.

20 November – die SARL Newbie-kompetisie en die Magalies en Highway ARK-byeenkomste

27 November – die CTARC-vergadering en die Wes-Randse Vlooimark

27 en 29 November - die CQ WW DX GG-kompetisie

30 November – die Secunda ARK-vergadering

1 Desember – die begin van die YOTA Desember Maand-aktiwiteit

3 Desember - Internasionale Dag van Gestremde Persone

4 Desember – die Durban ARK-byeenkoms, die SARL 40 m Ruitvierkant-naelloop en die SARL/AMSAT SA Tegnologie-werkswinkel

5 Desember - Internasionale Vrywilligersdag

11 en 12 Desember – die ARRL 10 meter kompetisie

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die jaarlikse Herinneringsdag-diens sal by Amateur Radio Today ingesluit word vanaf 10:00 SAT vanoggend. Die diens word gelei deur Ds Jan Kramer, ZS6JRK. Die diens herdenk almal wat hul lewens verloor het ter ondersteuning van hul land. Radio amateurs word versoek om radio stilte vanoggend tussen 10:00 en 10:15 SAT waar te neem as 'n teken van respek.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Dennis Green, ZS4BS, geproeflees deur Deon Erwin, ZS1ZL en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week vorentoe.